Werner Schubert
EYES & EARS OF THE KAROO
120 Bird Street • Beaufort West
Tel : 023 414 3519
Cell : 083 462 7308
eyeguy@beaufortwest.net
Carnarvon • Laingsburg • Prince Albert • Victoria West

# Courier

Die Koerant vir die Nuweveld sedert 1869
The Newspaper for the Nuweveld since 1869

@ prickly pear
Summer special
Microneedling
Reduce those fine lines & wrinkles
Face & Neck R750
Face, Neck, Décolleté R850
Free skin supplement

Verspreidingsarea: Beaufort-Wes, Leeu-Gamka, Merweville, Murraysburg, Nelspoort, Prins Albert, Victoria-Wes,Laingsburg en Loxton

Prys - R6.00 - Price (BTW ing./VAT incl.) Geregistreer by die HPK as 'n Nuusblad - Registered at the GPO as a Newspaper ISSN 2075-5872 27 Mei 2022

# ANC kap DA oor Prins Albert, sê regte prosesse nie gevolg

Die ANC sê hy gaan nie deelneem aan enige werksaamhede van die stadsraad van Prins Albert nie – nadat die DA op 22 April 2022 die posisies van speaker en onderburgemeester oorgeneem het.

Die DA het gesê dat hy op 'n spesiale raadsvergadering in Prins Albert die posisie van onderburgemeester en speaker in die dorp se raad oorgeneem het. Dit beteken die munisipaliteit is nou die enigste in die Sentraal-Karoo wat onder die DA se beheer val.

Die DA het op Sondag 24 April by navraag gesê die nuwe onderburgemeester is Linda Jaquet en die speaker Stoffel Botes. Die vorige onderburgemeester was van die Patriotic Alliance en die speaker van die ANC. 'n Tussenverkiesing sal ook gehou moet word, volgens die DA.

Die ANC het daarop in 'n verklaring gesê sy koukus het met kommer kennis geneem van die DA se oorname van die poste. Die ANC-speaker, wat ook die voorsitter van die raad is, het geensins so 'n vergadering byeengeroep nie, sê die party.

Die ANC het verder advies ingewin en volgens die party is die munisipale bestuurder opdrag gegee om 'n regsmening oor raadslid Magrietha Jaftha te bekom. Volgens die ANC is Jaftha deur haar party, die Karoo Gemeenskap-party, op 12 April ingelig dat sy geskors is en nie meer lid van die party is nie en daarom verteenwoordig sy nie meer die KGP in die raad nie.

Volgens die ANC het die munisipale bestuurder – nie vir die eerste keer nie en teen regsadvies in – 'n vergadering buite die kantoor van die speaker en sonder enige magtiging van die speaker gereël.

Die ANC sê hy sal nie deelneem aan enige onwettige aktiwiteite wat deur 'n sogenaamde munisipale bestuurder bevorder word nie.

Die ANC het ook die LUR van plaaslike regering gevra om in te gryp en sê die party weet dat hy hom gaan aanraai om hof toe te gaan. Daarom sal die ANC nie deelneem aan enige werksaamhede onder die nuwe leierskap nie.

Die munisipaliteit is voorheen deur die KGP, ANC en PA beheer.

Jaquet het by navraag gesê die DA het die korrekte prosedures gevolg. Volgens die ordereëls kan die meerderheid die speaker versoek om 'n raadsvergadering te hou. Die DA het 'n skriftelike versoek gerig, maar die speaker het nie daarop reageer nie. Die DA het toe die munisipale bestuurder genader om 'n vergadering aan te vra. Die ordereëls maak voorsiening dat indien die speaker nie reageer nie, kan die munisipale bestuurder met so 'n versoek genader word.



**Linda Jaquet**

# Drugs worth R3 million confiscated near Prince Albert

Efforts by police to eradicate drug trafficking into the Western Cape once again yielded positive results with the confiscation of a consignment of drugs with an estimated street value of R3 million on the N1 near Prince Albert.

On Friday 20 May 2022, at about 14:00, members attached to the Rural Flying Squad conducted a static vehicle checkpoint along Prince Albert Road on the N1 where they pulled over a Nissan NP200 bakkie. The vigilant members proceeded with a search when they discovered that the side of the vehicle had been tampered with. Upon further investigation they opened the side and discovered a concealed compartment with seven hidden Tupperware containers filled with what is believed to be Tik. Police confiscated the 8, 64 kilograms of Tik and arrested the driver. During the search members also found and seized R13 000 of cash, believed to be proceeds of the illicit drug trade.

Preliminary investigation indicates that the consignment was destined for delivery at De Doorns in the Boland.

The 36-year-old suspect remains in police custody and was expected to make his first court appearance in Prince Albert on Monday, 23 May 2022. He is facing a charge of dealing in drugs.

The Western Cape Police Commissioner, Lieutenant General Thembisile Patekile, lauded the members for their vigilance in ridding communities of drugs. He said, “The strategic deployment of Rural Flying Squad members along entry and exit points of the province continues to deliver excellent results. The confiscation of this find would go a long way in our efforts to rid communities of the scourge of drugs,” he concluded.



STEEL & PIPES for AFRICA
YOUR ONE STOP STEEL, TUBING AND HARDWARE SHOP
Your One-Stop Steel Tubing & Hardware Shop
Binnestraat 21 | George Industria | Tel 044 875 9245
VERSKAFFERS VAN:
• ROUND, SQ & RECTANGULAR TUBING
• GALVANISED ROUND TUBE
• RE-INFORCING Y-BAR
• EXPANDED METAL
• STORMWATER GRATINGS
• WALKWAY GRIDS
• INDUSTRIAL HANDRAILING
• HOT ROLLED CHANNEL & LIP CHANNEL
• CONVEYANCE TUBES
• FLAT, ROUND & SQ BAR
• ANGLE IRON
• HOT ROLLED SHEET & PLATE
• GALVANISED SHEETING
• VASTRAP
• SHAFTING & HOLLOW BAR
• PALISADE FENCING
• GATE AUTOMATION
• HARDWARE
• PAINT
• ROOFING PRODUCTS
•POWER TOOLS
• INTERCOMS
• LOCKS & SECURITY SYSTEMS
• ORNAMENTALS
• EN VELE MEER!!
Skakel ons gerus!
GRATIS AFLEWERING MAANDAE EN WOENSDAE

ALLES VARS
SAVERITE
SPECIALS!
Nuwestraat 120
Beaufort-Wes
Tel. 023 414 3481
082 576 1875
Ons voeg baie waarde toe deur u te help om die regte pryse vir u vars voedselprodukte te betaal!

| | | |
|---|---|---|
| Lemoene pre-packed 2 kg R9.99 | Simba Chips 120g R 13.99 | Suiker 2kg R 34.99 |
| Pasta 400g R9.99 | First Choice Melk 6x1lt R 78.99 | Wortels R6.99 |
| True Essentials Soap 100g R 4.99 | Bokomo Corn-flakes 200g R 9.99 | Chicken leg quarter & Chips & Kingsley 500ml R 45.00 |
| | Aartappels 7 kg R44.99 | |

- CAPITEC ATM - SASSA-KAART FASILITEITE BESKIKBAAR

# AfriForum nader hof oor verre-gaande gesondheidsregulasies

Die burgerregteorganisasie AfriForum en die openbare-deelnameplatform DearSA het met regstappe begin teen die regering se besluit om Covid-19-regulasies permanent in die wet te verskans.

Die organisasies het hul dringende regsaansoek by die Noord-Gautengse Hooggeregshof in Pretoria ingedien.

Dit volg ná die Departement van Gesondheid se aankondiging dat regulasies met betrekking tot aanmeldbare siektes ingevolge die Nasionale Gesondheidswet 61 van 2003 en die Wet op Internasionale Gesondheidsregulasies 28 van 1974 nou gewysig is.

Dit beteken dat die regering permanent die dra van maskers en beperkings op byeenkomste kan afdwing. Die regulasies gee ook aan Joe Phaahla, minister van gesondheid, die enigste gesag om te bepaal hoe lank sulke regulasies geïmplementeer moet word en wanneer dit opgehef kan word. Dit geld nie net vir Covid-19 nie, maar enige aanmeldbare siekte.

AfriForum en DearSA bevraagteken ook die geldigheid van die openbare deelnameproses wat die Departement van Gesondheid gevolg het voordat hierdie regulasies in werking gestel is. Hierdie twee organisasies het altesaam meer as 310 000 openbare kommentaar ingedien.

AfriForum vind dit ook kommerwekkend dat die regulasies wat in die *Staatskoerant* gepubliseer is, nie dieselfde regulasies is wat vir openbare kommentaar gepubliseer is nie.

"Die burgers van hierdie land is nie pionne op die regering se skaakbord om rondgestoot te word wanneer magsbehepte amptenare so voel nie. AfriForum sal hierdie regulasies, indien nodig, in die hoogste howe beveg om te verseker dat landsburgers se regte ten volle herstel word. Burgers is keelvol vir die regering se voortdurende inbreuk op hul persoonlike vryhede," sê Jacques Broodryk, AfriForum se veldtogbestuurder.

# IN&OM DIE HUIS:

## Groen Vingers: Tuinmaakwenke vir Junie

***Snoei:***
Baie tuiniers begin reeds hierdie tyd van die winter met snoei. Ons ondervinding is egter dat snoei nou uitloop van nuwe lote sal veroorsaak met onnodige blootstelling van hierdie nuwe groei aan die koue wat nog kom. Wag dus met snoei in gematigde gebiede tot einde Julie en in kouer gebiede tot begin Augustus.

Los verder liewers al die lelike en dooie takke/blare tot later in Julie/Augustus – hierdie takke/blare dien nou as 'n 'n kombers teen die strawwe winterkoue wat nog voorlê.

**Wenk:** *Snoei terwyl plante dormant is, maar wag tot die ergste winterkoue verby is. In die koue gebiede is dit eers Augustus en in die meer gematigde gebiede einde Julie.*

***Aanplant van bome en struike:***
Ons hoor baie dat hierdie tyd van die jaar as tyd vir oorplant van bome/struike aanbeveel word. Ons beveel egter aan dat met oorplant/aanplantings van bome en struike tot Augustus gewag moet word. Hierdie stelling geld vir plante in sakke en ook vir plante wat uit die grond gehaal en oorgeplant word.
Doen gerus 'n proef en plant nou 'n boom oor, en ook een later in Augustus. Die kans is goed dat die een wat jy nou oorplant gaan vrek!!!

**Wenk:** *Al is jy lus vir tuinmaak, moet nie nou struike of bome oorplant nie.*

***Besproeiing:***

- Maak seker dat die tuin nie te veel water kry nie.
- Benat in die Hoëveld plante ongeveer een keer elke tweede of derde week. Die uitsondering is groeiende bolplante wat meer gereëld water moet kry.
- In meer gematigde gebiede kan die tuin een keer per week benat word.
- Besproeiing moet soggens plaasvind sodat die plante saans droog is.

**Wenk:** *Gee liewers nou te min as te veel water. In subtropiese gebiede kan besproeiing egter meer gereëld plaasvind.*

***Herstel van toerusting:***
Junie is 'n goeie tyd om snoeiskêre skerp te maak, gras/kant- snyers te diens en alle ander toerusting heel te maak.

***Beplanning:***
Die lekkerste werk vir Junie is om veranderinge aan jou tuin te beplan. Hier word gedink aan die uitleg van nuwe beddings, lê van paadjies ens. Indien jy graag jou tuin gedurende die winter netjies wil hou, is dit egter die beste om die uitvoer van jou beplanning terug te hou tot net na die winter.

Stand van Gamkadam:

100 % 0p 23 Mei 2022

**SPERTYD vir elke week se nuus en advertensies: Dinsdae, 12:00**

# Tyhler Duimpies - Beaufort West

**Name:** Tyhler Duimpies

**Region:** Beaufort West, Western Cape

**Age:** 23

**Occupation:** I'm a marketing volunteer for an organisation called Safety & Health and I hold a NQFL 4 and 5 qualification in marketing management.

**Why did you decide to enter Miss South Africa 2022 and why do you deserve to win this title?**
I entered Miss South Africa for the sole purpose of furthering my advocacy which is anti-bullying and suicide awareness. I believe that I deserve to win the title because my main focus is not to make an impression but an impact.

**What is the most important part of a beauty pageant?**
Simply enjoying the experience and allowing yourself to grasp every moment whilst learning what you can. It's a once-in-a-lifetime opportunity and there's a lot of people that you may meet once and never again.

**What qualities should a woman possess to make a notable difference in the world?**
Apart from being confidently beautiful and aspirational, I believe a woman should possess a humble, joyful and kindred soul. Someone that ignites fires in others and helps them overcome their fears.

**Tell us about your family**
My dad is a certified admin clerk, my mother is a primary school teacher, my one brother is an intern at CDW, my one sister is a marketing volunteer like myself and my other sister and younger brother are at school.

**How are you playing your part in your community and in South Africa?**
I belong to the NFFG Church and we have a programme that assists the community through prayer, food, clothes, shoes, toiletries and other resources.

**What's the best thing about living in the province you are representing?**
The landscapes at dusk in the different towns and cities I've travelled to are extraordinary and hold so many childhood memories. The Western Cape has also produced many talented people. Did you know the famous Doctor Chris Barnard was born in my hometown of Beaufort West?

**What do you love about South Africa?**
The diversity. Once you've stepped foot in this country, you will want to come back again and again.

**Describe yourself in three words:**
Resilient. Responsible. Creative.

**What makes you unique?**
The weird ways in which I find solutions.

**How do you define success?**
Hard work in deed form and not in just the word.

**What is your biggest fear?**
Spiders.

**How has failure helped you in your achievements?**
It has helped me find better ways to accomplish those achievements.

**What superhero would you like to be and why?**
Wonder Woman, because she doesn't hold back to fight for what's right, even when she's fighting alone.

**Your social media tags**
Facebook: @Thyler Dane
Instagram: @thyler_Dane
Twitter: @dane_thyler










**KENNISGEWING VAN PUBLIEKE DEELNAME VIR S24G AANSOEK**

Kennis geskied hiermee dat Beekersfontein Boerdery, Merweville, voornemens is om vir *ex post facto* omgewingsgoedkeuring aansoek te doen vir 'n ongemagtigde aktiwiteit soos gelys in die Regulasies op Omgewingsimpakbeoordeling Kennisgewing 2 van 2014 (No. R. 984 van *2014*). Belanghebbendes word genooi om by SW van der Merwe Omgewingsbeplanning by onderstaande adres te registreer en kommentaar oor hierdie kennisgewing en die beskikbare basiese inligting te lewer.

Die besonderhede van die aktiwiteite is as volg:

Projeknaam: Verwyder van natuurlike plantegroei op Plaas Beekersfontein, RE52, Merweville.

Ligging: Beekersfontein is in die Sentraal Karoo Distrik naby Merweville geleë. Die terrein waar die aktiwiteit plaasgevind het, beslaan ongeveer 30 ha. Die GPS koördinate van die betrokke terrein is Lat: -32.859940 | Lon: 21.297715.

Datum van aktiwiteit: September 2017

Wetgewing oortree: Afd 24F van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur 107 van 1998

Betrokke Gelyste Aktiwiteit: *EIA Regulations Listing Notice 2 of 2014: Activity no. 15: The clearance of an area of 20 hectares or more of indigenous vegetation, excluding where such clearance of indigenous vegetation is required for—*
*(i) the undertaking of a linear activity; or*
*(ii) maintenance purposes undertaken in accordance with a maintenance management plan.*

Inligting: Basiese inligting oor die aansoek is vir die publiek ter insae vir die tydperk 30 Mei – 30 Junie 2022 by die Merweville Openbare Biblioteek, Voortrekkerstraat, Merweville en by SW van der Merwe Omgewingsbeplanning.

Kommentaar: Kommentaar moet SW van der Merwe Omgewingsbeplanning by die onderstaande adres voor of op 30 Junie 2022 bereik. Kommentaar moet in skrif wees.

SW van der Merwe
Posbus 1171
Beaufort-Wes 6970
Sel 082 320 1741
Epos: sw@dmp.co.za

SW VAN DER MERWE
ENVIRONMENTAL PLANNING

## Beaufort West Municipality community notice

**Official call for applications to attend training on Renewable Energy Workshop Assistants**

The South African Renewable Energy Technology Centre (SARETEC) through an Energy and Water Sector Education Training Authority (EWSETA) grant is recruiting 300 learners to train as Renewable Energy Workshop Assistants.

The learners should come from the following areas:
Ceres ( 100 learners)
Beaufort West ( 100 learners)
Bloemfontein (100 learners)

Any unemployed person who is medically fit and has passed Grade 9 to Grade 12 can be trained in this Skills Programme and will be eligible to join the workforce of the Renewable Energy Project whilst in its development and establishment phase, which is generally not less than 12 months.

Documents required for the programme:
Certified copy of ID (certified copy should not be older than 3 months)
Proof of Highest Qualification Passed (certified copy should not be older than 3 months)
Proof of subjects or grade passed is required and should be attached to the application.

Course outline:
1. Occupational Health and Safety (OHS), Working at Heights and First Aid
2. Workplace Essential Skills
3. Renewable Energy Workshop Assistant
Duration:17 weeks

When selected, the following will be compulsory:
Learners will be required to attend all the training sessions in order to receive a certificate. Failure to attend any of the lessons/ sessions, valid proof will have to be submitted.
An attendance register will be used to monitor the attendance of all learners. Each learner will need to have a portfolio of evidence (logbook) in order to monitor and record the assessments leading to the certification process.

Closure of call
Applications for the learnership must be received on or not later than the 31st of May 2022. Only emailed applications will be accepted and acknowledged. All applications must be emailed to coertj@cput.ac.za
Selected candidates will be notified via email within a period of two weeks. If you don't receive a notification within three weeks after the closing date, please consider your application unsuccessful.
Note: The Training Program is aimed at the youth (18-35 years). Both male and female Youth are encouraged to apply. A 50:50 ratio on gender will apply subject to the submitted applications.
NB: Communication will only be released to successful candidates.




BEAUFORT – WES(T) PRIMÊR PRIMARY
Pastoriestraat 1A, Hillside, Beaufort-Wes, 6970. Posbus 328.
Tel. : 023 - 414 4226, E-pos: bwesprim@gmail.com
1A Pastorie Street, Hillside, Beaufort West, 6970. P.O Box 328.
Tel. : 023 – 414 4226, E-pos: bwesprim@gmail.com
PRINSIPAAL : Mnr. A. Amsterdam

**Administratiewe Klerk (WKOD)**

Aansoeke word ingewag vir 'n geskikte persoon vir die vulling van die vakante betrekking as Administratiewe Klerk.

Posbeskrywing
- Senior Sertifikaat
- Rekenaar geletterd (Word, Excel, Spreadsheet, Powerpoint, Access CEMIS, PMPS & QMS)
- Effektiewe administrasie van skoolhoof se kantoor en die ontvangsarea.
- Administrasie van personeelverwante sake.
- Verskaf leerderondersteuning.
- Bied ondersteuning tydens eksamen.
- Administrasie van vervoersake.
- Goeie komunikasie vaardighede in Engels & Afrikaans (praat en skryf).
- Vorige ondervinding in die onderwysstelsel is 'n aanbeveling.

Vereistes
- Betroubaar met **sober gewoontes.**
- Goeie gesondheid
- Geen kriminele rekord (SAPD Klaring sal gedoen word)

Rig u aansoek met die volgende
- Aansoekbrief
- Voltooide Z83 vorm
- CV met ten minste 2 kontakbare verwysings van vorige werkgewers
- Gesertifiseerde ID afskrif
- 2 Getuigskrifte waarvan 1 nie ouer as 'n jaar moet wees

Lewer per handpos af by die skool of per epos by bwesprim@gmail.com
Onderhoude sal slegs met gekortlyste kandidate gevoer word.
Sluitingsdatum: **10 Junie 2022**

**Voorkeur sal aan aansoeke uit die skool se bedieningsgebied gegee word.**


# Miss South Africa 2022 Top 30 announced – One of them is from Beaufort West

Meet the Top 30 contestants vying for the title of Miss South Africa 2022 and vote for your favourite to make it into the Top 10.

The 30 hopefuls are an impressive and diverse group and include an estate agent, a corporate lawyer, a veterinarian, a forensic science graduate, teachers, models, entrepreneurs and law students. They come from all over South Africa with Gauteng leading the field with 13 contestants (with three from Soweto and two from Tshwane); the Western Cape has five; KwaZulu Natal has four; the Eastern Cape is represented by three women; the Free State has two as has the North West and there is one from Limpopo.

For the next few weeks, the women will be out to impress this year's Top 30 judges who are radio presenter and personality and Miss South Africa 2015 Liesl Laurie, body positive activist Tracey-Lee Lusty Horwitz, Dentsu CEO Koo Govender, fashion designer Khosi Nkosi, True Love Editor-in-Chief, Makhosazana Zwane-Siguqa, actor Simoné Nortmann and actor and TV personality Thando Thabethe.

The Top 10, who will go through to the finals, will be announced on June 13 via the Miss South Africa App which can be downloaded for free from the Apple App Store or Google Play store.

**Tyhler Duimpies (23) comes from Beaufort West, holds an NQFL 4 and 5 in Marketing Management and works as a marketing volunteer. In her spare time, she listens to music and sketches and says it is her dream to one day travel to Los Angeles and experience the city's bright lights.**

For more information on Miss South Africa 2022, download the Miss South Africa App from the Apple App Store or Google Play store for free.

Vote for your favourite in the Top 30 to see her in the Top 10. Your first vote is free and exclusive to the Miss SA app.

Miss South Africa is presented by Weil Entertainment in association with M-Net, Mzansi Magic, Sun International and Brand South Africa.



Thyler Duimpies




MISS SOUTH AFRICA
FACE YOUR POWER. EMBRACE YOUR FUTURE.


**Nog wapens wat die afgelope tyd deur lede van die buurtwagpatrollie afgeneem is by rondlopers in Beaufort-Wes.**


KAROO DBV SPCA
Beaufort West

Berenice
084 512 1799
Jaco du Plessis
072 847 7312
admin@karoospca.co.za

**Algemene Jaarvergadering**

**DATUM: 30 Mei 2022**
**WAAR: Men's Club, Beaufort-Wes**
**TYD: 18:00**

Die gemeenskap word vriendelik uitgenooi om die vergadering by tewoon en Karoo DBV te kom ondersteun!

Enige besprekingspunte vir die AJV moet voor of op 17 Mei 2022 om 12:00 ingedien word.
Geen laat besprekingspunte sal aanvaar word nie.

***Ledegeld:R150-00 per jaar***
***Skoliere / Pensioenaris R100-00 per jaar***




Die Courier se

**span**

Thompsonstr. 5
Posbus 64
Tel: 023 414-2615
E-pos:
diecourier@telkomsa.net

**Redakteur & kliëntediens**
Francois van Niekerk

**Advertensies, grafiese ontwerp & uitleg**
Anne-Marie van den Heever

**Algemene drukwerk & grafiese ontwerp**
Anne-Marie van den Heever

**Rekeninge**
Jenine Brönn
(023 414-2131)

Kontak Die Courier vir gratis kwotasies

Eien.: Courier Printing (Beaufort West) CC Reg. Nr. CK 96/16039/23

SPERTYD vir elke week se nuus en advertensies: Dinsdae, 12:00

# Redaksioneel

Omdat Afrikaners voortdurend onder die vergrootglas is, verg dit vandag van hulle meer deurdagte optrede en hulle moet veral twee of selfs drie keer dink voordat hulle iets sê, doen of op sosiale media kwytraak, skryf Jan Bosman in Die Burger van 20 Mei 2022.

Die optrede van 'n individu plaas 'n groep onder druk.

Dit het ons weer gesien met die urineringsvoorval by die Universiteit Stellenbosch. Nou is almal wat wit is rassiste en Afrikaners se opvoeding van hul kinders word as problematies uitgewys.

Elkeen wat deel in die woke-kultuur en politieke opportuniste gryp nou na iets om Afrikaners en wit mense weer met die breë hale van 'n verfkwas te etiketteer as rassiste, seksiste, chauviniste, paternaliste en anders -istes en -ismes wat verdag voorkom.

Suid-Afrika is 'n land met diverse kulturele, godsdienstige en taalkundige gemeenskappe. In 'n bevolking van meer as 56 miljoen mense is daar verskillende tale, kulture, gelowe, gebruike en tradisies.

In dié mikrokosmos van mense en kulture is almal se gedrag nie die heeltyd onbesproke nie, soms is dit 'n verleentheid. Ons kry ook diegene wie se gedrag nie in ooreenstemming is met normale reëls, norme en standaarde nie.

Die laaste ruk is 'n aantal voorvalle uitgelig waarin Afrikaners hulself, óf op grond van bewerings óf op grond van bewyse, skuldig gemaak het aan onaanvaarbare en onmenslike optrede – in sommige gevalle rassisties en ook soms kru seksisties, en soos onlangs ook gewoon platvloers.

Dit kan op geen manier goedgepraat, verdedig of regverdig word nie.

Ons moet enige kwetsende, neerhalende opmerkings en gedrag deur Afrikaners verwerp, maar so ook opmerkings en neerhalende gedrag teenoor Afrikaners. Dit is konsekwente optrede.

Die manier waarop ons verwag mense moet met integriteit teenoor ons optree, moet ons ook in staat stel om op dieselfde wyse teenoor ander op te tree.

Daarom kan en behoort ons nie geassosieer te word met optrede wat menswaardigheid skaad, diskriminerend, soms rassisties of selfs misdadig is nie. Ons weet dat die meerderheid Afrikaners wel hierdie soort gedrag as afstootlik beskou en dit verwerp.

Waar sommige mense se optrede onskuldig, onnadenkend of soms net blote stommiteit is, is Afrikaners deurgaans onder die vergrootglas en word dit ten regte of ten onregte as rassisme gesien.

Ons kan nié die regering en die regerende party daarvan beskuldig dat hulle voortdurend die raskaart speel as sommige Afrikaners wel daaraan skuldig is deur woord of daad nie.

Ons moet ook die vrymoedigheid hê om sulke optrede in eie geledere te bevraagteken, aan te vat en soms ook te kritiseer, want goeie werk word deur verskeie individue en organisasies gedoen.

Die huidige tydsgewrig beoordeel Afrikaners nog steeds anders, veel strenger en meer subjektief. Daarom moet ons optrede onkreukbaar wees.

# Grappies

Brakpan dominee: "Jan, hoeveel vroue dink jy moet 'n man hê?"
Jan: "Sestien, Dominee."
Ds: "Hoekom 16?"
Jan: "4 richer, 4 poorer, 4 better, 4 worse!"

*****

'n Vrou het baie las met haar bekkige vierjarige seuntjie in die kerk. Hy lewer luidkeels kommentaar op alles en, ten spyte van kwaai kyke, ernstige vermanings en waarskuwings, kom hy net nie tot bedaring nie.

Eindelik raak haar geduld op en sy gryp hom en stap met hom oor haar skouer in die paadjie af, deur toe. Toe sy so driftig by die deur uitstap, kyk hy oor haar skouer terug vir die gemeente en sê met 'n klokhelder stemmetjie: "Bid vir my!

# Dit, dat en nog wat

Dis skuins na middernag en ek lê en tik op my fountjie. Die rede vir my wakkerlê is 'n hoëdruk blaasmaag. Verskoon die detail, maar julle ken daardie maag waar die gaansitslag net een blaas is soos 'n "fire extinguisher" wat oopgemaak word. Dan volg 'n stilte, bittere alleenheid, maagkrampe en 'n intense verlange na jou gesonde dae. Eintlik sommer na die dae wat jou ma nog jou posbus gepoeier en met gatsalf gesmeer het.

Nou probeer mens mos altyd uitwerk wat die k@ktoestand veroorsaak het. Ek is in versekering en "proximate cause" (direkte oorsaak) is 'n baie belangrike beginsel in die eisewêreld. Ook in die blaasmaagwêreld. 'n Mens wil weet wat was ""the active and efficient cause that sets in motion a train of events which brings about a result,(die skytery) without the intervention of any force started and working actively from a new and independent source".

Eers dink ek aan my ete by 'n padstal die vorige dag. Ek het my oë net vir 'n oomblik van my bord afgehaal omdat 'n tannie per ongeluk 'n koppie stomende moerkoffie op haar ou man se "disabled pensioner" omgestamp het. Met die afdroogslag het 'n potensiële storie voor my oë afgespeel. Toe ek weer my vurk wil opneem loer 'n bodybuilder-brommer met 'n groen tattoo vir my deur my vurk se tralies. Langs hom op my konfytbroodjie sit sy vet, swart neef wat lyk soos 'n pasafgetrede staatsdiensvlieg. Ten spyte van dié twee vlieënde gesondheidsinspekteurs wat my bord verken het, was daar niks wat my kon siek gemaak het nie. Daar was wel nog 'n paar gewone vlieë, maar hulle het net belangeloos na 'n druppel koffie sit en kyk soos padwerkers wat na 'n pothole staar.

Toe onthou ek! Gisteroggend, toe ek gaan koffie maak het, het daar 'n wit papiersakkie met sulke dowwe vetkolle langs die ketel gelê. Die vorige aand was ons by 'n garage-kafee en Vrougoed was lus vir 'n samoosa. Ek maak toe 'n "samoesa" fout en koop sommer twee. Toe ek wil betaal vra die till-tikster nogal: "Meneer, gaat ons hom têp of insit?"

Ek maak nog 'n grap en sê: "Nee, hies te veel kêmeras vir insit, jy moet hom maar têp." Op pad huis toe gee Vrougoed net een hap en kla dat die kerrie oneetbaar is. Dis hoekom die sakkie op die kas oornag het. Ek wou natuurlik weer Rambo wees en het die twee papperige bekbranders sommer daar saam met my opstaankoffie geëet.

So hierdie naweek leef ek van Imodiums en gaan ek seker Maandag van agter soos 'n waterbok lyk.

Ek het op 'n stadium selfs vir Vrougoed gevra of sy nie vir my 'n "dikmaaksousie", soos wat die ander mense in hul potjiekos gooi, wil aanmaak nie, maar ons het nie aanmaakpoeiers in die huis nie.

En die les is? Kêffie-samoosa se moe' my bru. Never again!

***Johan Strydom***






## SENTRAAL KAROO DAGBOEK MEI/JUNIE 2022

Hoërskool Sentraal OOV Fondsinsameling Rolbaldag: 28 Mei

*****

The 9th annual Stoep Tasting Wine Weekend in Graaff Reinet and Nieu Bethesda from May 26 to 28, 2022

*****

Karoo DBV Algemene Jaarvergadering: 30 Mei om 18:00 by die mens Club Beaufort-Wes

*****

Voëlkliniek deur Dr Anton Smit: Donderdag 2 Junie 2022 by Therseus Nel, h/v Vivier-en Bensleystraat vanaf 08:00 – 14:00

*****

Sylvester MTB Challenge: 3 – 5 Junie 2022

*****

Teri-Lemveli:
9 Junie 2022 – Bottomless Coffee Band
22 Junie 2022 – Jan Blohm

*****





BIG DEAL
WEEKEND | 27 - 29 MAY
AS SEEN ON TV
2 FOR 19.99
Koo Baked Beans in Tomato Sauce 410 g
AS SEEN ON TV
NOW ONLY 34.99 EACH
Cremora Creamer 750 g
AS SEEN ON TV
2 FOR 74.99
Stork Country Spread 40% Fat Spread 1 kg Tub
27.99
Jungle Oats 1 kg EACH
ANY 3 FOR 32.99
Simba Chips Asstd. 120 g
2 PIZZAS + COKE 79.99
Dr. Oetker Ital Familia Frozen Pizzas Asstd. 424 g – 529 g AND get a FREE Coca-Cola Original Taste Less Sugar, No Sugar, No Sugar No Caffeine, Sprite Less Sugar, Fanta Orange, Stoney Ginger Beer Original or Light PET 1,5 Litre PER COMBO
AS SEEN ON TV
ALL 3 FOR 129.99
Spekko Long Grain Parboiled Rice 5 kg PLUS White Star Super Maize Meal 5 kg AND Sasko Cake Wheat Flour 5 kg PER COMBO
ANY 2 FOR 37.99
Danone Ultra Mel Vanilla Flavoured Custard Asstd. 1 Litre
79.99
Clover Cheddar, White Cheddar or Gouda Cheese 800 g EACH
AS SEEN ON TV
59.99
Sunlight 2in1 Hand Wash Powder Asstd. 3 kg EACH
AS SEEN ON TV
89.99
Baby Soft Fresh White 2 Ply Toilet Rolls 18's PER PACK
99E OKWCFO2230_26_MAY
OK Foods
KAROO JUNCTION
Owners you can count on!
PRICES VALID 27 – 29 MAY 2022
Tel: 023 007 0238
C/O Danie Theron & Donkin Streets, Beaufort West
TRADING HOURS:
Mondays to Sundays 8:00 – 20:00
Western Cape Careline: 021 505 4400
or Email: info@okfd.com
OKFDtalks
PRICES: Valid until Sunday 29 May 2022. Include VAT. Exclusive to OK Foods Karoo Junction. Offers valid while stocks last. No traders. We reserve the right to limit quantities. Actual products on offer may differ from visuals shown as these are serving suggestions only. E&OE. Visit www.okfoods.co.za for more information. WESTERN CAPE CARELINE: 021 505 4400 or EMAIL: info@okfd.com



# Die Courier Hoor

Minister Anton Bredell het die Raad van die Beaufort-Wes Munisipaliteit per brief in kennis gestel dat die vier amptenare wat onlangs geskors is, onmiddelik heraangestel moet word. Hulle is mnre. Denwin van Thura (Direkteur: Infrastruktuurdienste), Amos Makandlala (Direkteur: Korporatiewe Dienste), Jackson Penxa (Munisipale Bestuurder) en Nomfundu Nstangani Fetsha (Hoof Finansiële Bestuurder). Dis steeds onbekend hoekom hulle in die eerste plek geskors is.

*****

Hoërskool Sentraal OOV Fondsinsameling Rolbaldag.
Datum: 28 Mei 2022
Tyd: 14:00
Plek: Beaufort-Wes Rolbalklub
Inskrywingsfooi: R120 pp, ete ingesluit. Elke speler ontvang ook 'n geskenkpakkie. Vele pryse te wen.
Formaat: Twee spelers en twee nie-spelers per span
Kontak Lynette Levings om jou plek en etes te bespreek (083 377 5610)

*****

Sylvester MTB Challenge: 3 – 5 Junie 2022

*****

Karoo DBV Algemene Jaarvergadering
- 30 Mei 2022
- Men's Club, Beaufort-Wes
- 18:00

*****

Beaufort-Wes Voëltelers bied aan: Voëlkliniek deur Dr Anton Smit
- Datum: Donderdag 2 Junie 2022
- Plek: Therseus Nel, h/v Vivier- en Bensleystraat
- Tyd: 08:00 – 14:00

*****

Sarah van Lingen, from a farm in Schoombee near Middelburg, is part of a private tourism and community group which is organising the Karoo Winter Wool Festival to be held in Middelburg, from June 24 to 26. Their aim is to create a unique experience that promotes a product that has carried the Karoo's name into the international arena "We hope to educate people about wool, explain why it is such a wonderful fibre and how it is used to create garments and items that we use every day. Not only do we want to show the process, but we also want to celebrate all the wool-based businesses in South African," says Sarah. "To this end we have invited members of the fashion industry, small business owners, wool producers, wool manufactures, sustainable fibre advocators and networks to share their knowledge and promote their products." The programme will include a exhibitions, talks, workshops and discussion groups. More from Sandra at
dwarsvlei.karoo@gmail.com

*****

*BookBedonnerd*, the annual Booktown Festival in Richmond, will honour an exceptional son of the Karoo, who celebrates his 90th birthday this year. He is the formidable Athol Fugard, who is considered to be the greatest living playwright and he comes from Nieu Bethesda. The event is scheduled to take place from October 26 to 29 and say organisers: "There will, of course, be some writers presenting their books and the South African Independent Publishers Awards Programme and Gala Banquet will also take place as usual, but the focus will be on theatre and entertainment. To this end we have enlisted the support of the Johannesburg Market Theatre, Cape Town Baxter Theatre, and some key role players of the old Fugard Theatre, which sadly has closed. There will a great local community." Early birds can enjoy a day of *Richmond Filums* in the old library on Wednesday.




# Die Courier 50 jaar gelede

**Op Vrydag 26 Mei 1972 word daar as volg in *Die Courier* berig:**

Toe Mnre. J.P. Theart, F.V. Hanekom en later M. Verwey sowat 15 jaar gelede bloot as proefnemings hier olywe begin plant het, was dit allermins deel van hulle doeleindes om die saadjie van 'n latere sterk bedryf hier te saai. Vandag kan die baanbrekers aanskou hoe die enkele beskeie boompies aangegroei het tot etlike duisende bome wat die grondslag vorm van 'n olyfbedryf wat vinnig besig is om te ontplooi in 'n lonende onderneming. Wanneer 'n dorperlam vir R20.25 verkoop word, en dorper kudde-ooie R23.00 haal, of wanneer 'n boerbok van middelmatige grootte vir R15 verkoop word, is daar kennerlik spanning in die lug, wat net sowel verbreek kan word soos die aandelebeurs in Mei 1970 getuimel het.

Brenda Steven-Jennings en Alan Johnson is verlede Saterdag in die Metodiste Kerk getroud. Die onthaal is in die Skousaal gehou.

Faans Cloete, Johan Marais en Bennie de Jager is gekies om op Saterdag 27 Mei vir die S.W.D. Oostelike kring teen S.W.D. Westelike kring op Oudtshoorn te speel in die hoofvoorwedstryd wanneer die rugbyspanne van S.W.D en Vrystaat teen mekaar




speel.
Twee spelers van die Beaufort-Wes Rugbyklub is gekies om op Saterdag 27 Mei vir S.W.D. teen Vrystaat op Oudtshoorn uit te draf. Hulle is C.P. van der Merwe (flank) en Johan Reynecke (senter).

***Ons dank aan die Beaufort-Wes Museum vir toegang tot ou uitgawes van Die Courier***

## Wolmarkberig – 11 Mei 2022

Op die 31ste veiling van die 2021/2022 verkoopseisoen,was die gemiddelde skoonwol markaanwyser vir goeie kwaliteit lang vagwol (MF4/MF5) met 'n treksterkte van 35 (NKT) was onderskeidelik as volg:

| **Veseldikte (μ)** | **17μ** | **18μ** | **18,5μ** | **19μ** | **19,5μ** | **20μ** | **20,5μ** | **21μ** | **22μ** | **Mark indikator** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Nie-RWS | 28800c +5.2% | 24900c +7.6% | 22900c +11.4 % | 29300c +6.2% | 17600c +6.3% | 16500c +9.1% | 15700c +7.0% | 15600c +8.3% | 14800c +6.8% | 16805c +4.5% |
| RWS Gesertifiseer | 30800c +3.2% | 26000c +3.8% | 24000c +3.7% | 21600c +2.3% | 20200c +5.5% | 17600c +3.4% | 16800c +3.0% | 16200c +2.5% | 15500c +3.2% | 17953c +2.8% |
| **% Verskil** | **6.9%** | **4.4%** | **4.8%** | **11.9%** | **14.8%** | **6.7%** | **7.0%** | **3.8%** | **4.7%** | |

Die grootste kopers op die veiling was: G Modiano (2,915 bale), Standard Wool (1,707 bale), Tianyu South Africa Pty (Ltd) (839 bale). Van die 8,855 bale wat aangebied was, is 7,205 bale verkoop (81%).
Die hoogste pryse van verkoopte wol op die BKB veiling was:

**TOP 10 BKB PORT ELIZABETH**

| | Naam | Skema | Area | Besk. | AWEX Tipe | Mic | Skoon | NKT | Vet Pryse |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | BERTIE SWANEPOEL TRUST | RWS | SMITHFIELD | BFY | MF4E.74 | 15.6μ | 72.9 | 29 | 27300c |
| 2 | CAWTHORN FARMING TRUST | RWS | STUTTERHEIM | CH | MWF4E.70 | 16.2μ | 74.6 | 39 | 26410c |
| 3 | J VAN VUUREN | RWS | ADELAIDE | AFFY | MF4E.89 | 16.6μ | 74.7 | 33 | 26020c |
| 4 | RM SMALL | RWS | BARKLY EAST | BMH | MWF5E.74 | 15.9μ | 70.4 | 25 | 26000c |
| 5 | ZUURBRON BDY EDMS BPK | RWS | LUNEBURG | CL | MWF4E.67 | 16.1μ | 74.2 | 41 | 25600c |
| 6 | CAWTHORN FARMING TRUST | RWS | STUTTERHEIM | HC | MP5E.67 | 16.2μ | 73.9 | 34 | 25400c |
| 7 | RM SMALL | RWS | BARKLY EAST | CMH | MWF5E.64 | 15.4μ | 68.2 | 30 | 25000c |
| 8 | RM SMALL | RWS | BARKLY EAST | TDRH | MWF5S.73 | 15.8μ | 68.0 | 27 | 25000c |
| 9 | BERTIE SWANEPOEL TRUST | RWS | SMITHFIELD | AFY | MF4E.89 | 16.8μ | 74.4 | 33 | 24850c |
| 10 | RICH BROTHER FARMING CC | RWS | LUNEBURG | BFH | MWF4E.73 | 16.8μ | 75.5 | 39 | 24610c |

**Die volgende veiling is geskeduleer vir 18 Mei 2022.**







# Verblyfreg te koop:

2 slaapkamer huis, albei kamers het en-suite badkamers

Sitkamer en kombuis

Geen afdak of motorhuis

Kareelaan 1, Hesperos

Tenders word ingewag en sluit op 8 Junie 2022.

Kontak Me Annatjie de Klerk by 023-4143465 gedurende kantoorure vir besigtiging.

ACVV
ACVV HESPEROS




## Grandpa's travels captured

Former Graff-Reinet Union High pupil, Theron Crawford, has written a book entitled *Karoo Stories*. It contains what he calls "12 frontier stories of the Great Karoo".

Based mainly in the Graaff-Reinet area, the stories are set during the Anglo-Boer War, World War I and the Great Depression. He heard these tales as a young boy while travelling with his grandfather. The book, which features quirky characters and hinterland happenings like stock fairs, auctions and church bazaars, is available from Amazon at the cost of about R150.

**SAVE ENERGY BY USING ENERGY EFFICIENT**

**LIGHT BULBS**

# sms jou sê

**SMS na 072 148 8452. Neem asb. kennis dat opinies wat deur lesers in hierdie kolom uitgespreek word, hul eie is en nie noodwendig die opinies van Die Courier se redakteur, personeel of eienaars weerspieël nie. SMS'e word in goedertrou geplaas en beledigende of lasterlike SMS'e word nie geplaas nie. SMS'e met 'n naam en van daarby sal voorkeur kry.**

Die eienaar van die wit CZ kombi wat skoolkinders vervoer: Jou toeter is irriterend en maak geraas om voetgangers skrik te maak. Dit gaan jou nog duur te staan kom! Daardie lugtoeter is boonop onwettig. *Hillside inwoner*

COURIER
Geklassifiseerde advertensies / Classified adverts
*****

R60 vir die eerste 20 woorde - daarna 40c per woord Kontant vooruitbetaalbaar. BTW uitgesluit (maks. 50 woorde)

R60 for the first 20 words - thereafter 40c per word. Cash paid in advance. Vat excluded (max. 50 words)

# Lewende Woord

Wat sê jy vir jouself elke oggend voor jy jou dag begin?

?

- Moses sou sê: "Here, as U nie saam ons vooruit gaan nie, laat ons dan net hier bly."
- Abraham sou sê: "Die Here sal voorsien."?
- Jakob sou sê: "Ek sal U nie laat gaan, totdat U my geseën het nie"?
- Josua sou sê: "Ek en my huis, ons sal die Here dien."
- Samuel sou sê: "Spreek Here, U dienskneg luister."?
- Nehemia sou sê: "Die blydskap in die Here is my beskutting."?
- Dawid sou sê: "Die Here is my Herder, niks sal my onbreek nie"?en "Dit is die dag wat die Here gemaak het, laat ons juig en bly wees."?
- Solomo sou sê: "Vertrou die Here met jou hele hart en leun nie op jou eie insigte nie, in alles wat jy doen maak dit bekend aan die Here en Hy sal jou paaie gelyk maak."?
- Jesaja sou sê: "Staan op, word verlig want jou lig kom en die heerlikheid van die Here gaan oor jou" en "Geen wapen wat teen jou gesmee word sal iets uitrig nie."?
- Jeremia sou sê: "Die Here het planne om my voorspoedig te maak en sal my nie teleurstel nie."?
- Jabes sou sê: "Dat U my sal seën en my grondgebied vermeerder"?
- Sadrag, Mesag en Abednégo sou sê: "Ons buig voor geen beeld nie maar ons sal die Here dien."?

Wat sê jy?

# Sudoku

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 5 | | 2 | | | 7 | 6 |
| | | | | | | 8 | 2 | |
| | | 6 | | 9 | 3 | | | |
| 5 | 6 | | | 3 | | | | 7 |
| | 4 | | 6 | | | 3 | | 9 |
| 7 | | | 2 | 5 | | 4 | | |
| 1 | | 8 | | | 4 | | | |
| | | | | | | | 4 | 5 |
| 6 | | | | | 5 | 1 | 3 | |

JENINE BRÖNN
023 414 2131

Posbus 6
Birdstraat 91
BEAUFORT-WES
6970
Tel: (023) 414 2131
Faks: (023) 414 2845
jeninebronn@telkomsa.net

FOR SALE

VAN NIEKERK PROKUREURS
EIENDOMME

TE HUUR

2 Slaapkamer Meenthuis met oopplan kombuis / leefarea.
1 x Badkamer
Kamers en kombuis het ingeboude kaste
Enkel motorhuis en braaivertrek
Koopkrag.
R4500.00 per maand (Munisipale dienste en water uitgesluit).
Beskikbaar vanaf 1 Junie 2022.

Dr Liezl Stockigt
Algemene Praktisyn
Tel: 023 415 2663

May 2022
Subject to change

Voortrekkerstraat 33
Beaufort-Wes
6970

Normale Ure Maandag tot Vrydag: 08:00 tot 17:00
Saterdag 28 Mei: 09:00 - 10:00
Sondag 29 Mei: - 10:00 - 11:00

# Rod's Reflections

## On marriage



I sat in church next to my mother-in-law-to-be at 4.30 pm on Saturday 29 December 1973 and wondered what I was doing, or rather about to do: get married. Am I doing the right thing? Do I really love her? Will it last? What if it doesn't? Is there still time to call it off and just call the wedding reception a party, in order to consume the cake and the food and the drink?

And then she arrived. My wife of nearly 50 years now. I was standing at the front of the aisle looking at her as she paced herself slowly up the aisle on the arm of her brother, but she seemed to be taking so long! So I went halfway to meet her and together we moved to the minister waiting to perform the ceremony. She said afterwards, "But I was told to pace myself, walk slowly, and then, because you couldn't wait, you ran down the aisle to get me to hurry up!" All true.

She was beautiful, a vision in her bridal gown. But not as beautiful as she is now, nearly half a century later, having born three children, having seen all our children married, having seen two grandchildren come into the world, and having endured all the peculiarities and peccadiloes of a husband not worthy to walk in her shadow.

I think it's one thing to marry and postman or a plumber or a farmer or a teacher, or any one of lots of other jobs or professions, than it is to marry a clergyman, a minister, 'n dominee or pastor, and I don't think either the minister or the bride has any idea of the adventures that lie ahead for them, some good, and some not so good.

In a 9-5 job it is possible for the worker to clock in at 9, put in a day's work, and clock out at 5 and go home and forget all about work until the next day. Plus it is usually a five day working week, so the a five day working week, so the worker gets a full two day weekend off. There may also be a routine sameness to each day's work for say a postman or a plumber or a farmer or a teacher or a nurse, so there is little variety to make of one day much different from the others.

Not so the ministry. No two days are the same. And contrary to the old chestnut of ministers only working on Sundays, Sundays are actually the day they put in the least amount of work, with just one or two, or sometimes three, services to conduct, before they head home for the Sunday roast and veg and malva pudding, followed by "'n bietjie skuins-lê" after lunch.

Ministers have no idea of how each day is going to unfold, though we may keep diaries in which we write down appointments, etc. There may be an early morning wake-up call from a wife whose husband has suddenly died. There may be a call from a hospital. There may be a call from a couple wanting to get married. There may be a call from someone suicidal. There may be a request for a baptism. And a hundred such calls besides.

There are pastoral visits to be made, if a minister is conscientious about getting to know his people in their family settings, at home. And whether a minister is suddenly called to a hospital or not, he or she should diarise going to the hospital anyway a couple of times a week, just in case there's someone there to be visited.

*Rod Baumeister*

Trek & Stoor
WORCESTER
Skakel ons
023 347 4092
Stoorplek / Storage · Verhuisings / Removals
www.trekstoor.co.za

AIRPARK
BEAUFORT WEST
WE KNOW INTERNET
Wireless Internet | IT Hard & Software | Layer2 Services
On-Site Support | IP Cameras | Webdesign
Enterprise WIFI | Branch Interconnect | Cloud Services
Voice Over IP | Security Solutions | Turnkey Solutions
Tel: 023 007 0023 - email: contact@airparkbw.co.za
71 Bird Street Beaufort West 6970 www.airparkbw.co.za

Voortrekkerstraat 4,
Beaufort Wes
karoonetwerk@isat.co.za
de Jagers
CELEBRATING 23 YEARS
Loodgieter Kontrakteurs
023 414 4353 • 083 2828 507/8 (n/u)
- Herstelwerk
- Nuwe installasies
- Gebarste pype
- Verstopte riole
- Besproeiing
- Galv. Geute
Verskaffers van:
- Koper
- Galv.
- PVC
- Nylon
- HDPE & UPVC
- Drukpompe
- Tru Osmose waterstelsels
Geysers:
- Elektries
- Son
21
Bouwerheidsraad gekwalifiseerde Loodgieters vir
Gratis kwotasies
(binne dorpsgebied)

9 772075 587007

DIE COURIER
SPORT

27 Mei 2022

# Niko Brummer sportnuus

Op 18 Mei 2022 het die netbal-en rugbyspanne van Niko Brummer Primêr tuis liga-wedstryde gespeel teen Acacia Primêr van Laingsburg. Die uitslae was as volg:



**Netbal**
NB o.11 wen 15 - 0
NB o.12 wen 12 - 2
NB o.13 wen 26 - 0

**Rugby**
NB o.11 verloor 5 - 24
NB o.13 wen 53 - 5

## *John D. Crawford Primêr /Primary School*

Posbus 732
Skoolstraat
Telefoon (023) 4142664
Faks (023) 4143733
e-Pos: crawfordprim@gmail.com
BEAUFORT-WES
6970

P.O. Box 732
School Street
Telephone (023) 4142664
Fax (023) 4143733
e-Mail: crawfordprim@gmail.com
BEAUFORT WEST
6970

Vakature

### Algemene Werker/ Skoonmaker (WKOD Permanent)

*Aansoeke word ingewag vir 'n geskikte persoon (verkieslik n vrou) vir die vulling van die vakante betrekking as Algemene Werker/ Skoonmaker.*

*Posbeskrywing*

- *Algemene skoonmaakwerk (Klasse vee, vee van stoepe voor klasse , was van vloere en vensters*
- *Meld lekasies aan by Voorman*
- *Geboue en Terreinonderhoud*
- *Veiligheid en Sekuriteit*
- *Ondersteuning*
- *Hou kontrole oor eetgerei/sportdrag*
- *Assisteer met die voorbereiding van lokale vir enige skoolfunksie*

*Vereistes*

- *Betroubaar met sober gewoontes.*
- *Goeie gesondheid*
- *Basiese skryf en leesvaardigheid*
- *Skoon misdaad rekord (SAPD Klaring sal gedoen word)*

*Rig u aansoek met die volgende*

*1. Aansoekbrief*
*2. Voltooide Z83 vorm*
*3. CV met ten minste 2 kontakbare verwysings van vorige werkgewers*
*4. Gesertifiseerde ID*
*5. 2 Getuigskrifte waarvan 1 nie ouers as 'n jaar moet wees( nie verwysings)*

- *Lewer per handpos af aan die Prinsipaal ,C.N Soldaat of per epos by crawfordprim@gmail.com.*
- *Kommunikasie en Onderhoude sal slegs met gekortlyste kandidate geskied*
- *Sluitingsdatum: 13 Junie 2022 ( 14H00-GEEN LAAT AANSOEKE)*

*NB!Die skool behou die reg om die pos nie te vul. Aanstellingsdatum soos deur WKOD bepaal.*




## KENNISGEWING

**IN DIE BOEDEL VAN WYLE NICOLAAS VAN STADEN, IDENTITEITSNOMMER 461130 5049 082, OORLEDE TE BEAUFORT-WES OP 18 JUNIE 2020, DERDELAAN 25, HILLSIDE, BEAUFORT-WES EN WIE BINNE GEMEENSKAP VAN GOED GETROUD WAS MET ALETTA VAN STADEN**

**BOEDELNOMMER 002571/2021**

Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie en Distribusierekening in bogemelde boedel by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Kaapstad en by die kantoor van die Landdros te Beaufort-Wes vir 'n tydperk van 21 (EEN EN TWINTIG) dae vanaf datum van publikasie hiervan sal ter insae lê.

CRAWFORDS
Donkinstraat 36
Posbus 25
BEAUFORT WES
6970

(MA/kb/WV1932)
PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR

BEAUFORT – WES(T) PRIMÊR PRIMARY
Pastoriestraat 1A, Hillside, Beaufort-Wes, 6970. Posbus 328.
Tel. : 023 - 414 4226, E-pos: bwesprim@gmail.com
1A Pastorie Street, Hillside, Beaufort West, 6970. P.O Box 328.
Tel. : 023 – 414 4226, E-pos: bwesprim@gmail.com
PRINSIPAAL : Mnr. A. Amsterdam

### Algemene Werker / Skoonmaker (WKOD)

Aansoeke word ingewag vir 'n geskikte persoon vir die vulling van die vakante betrekking as Algemene Werker/ Skoonmaker.

Posbeskrywing

- Algemene skoonmaakwerk (Klasse vee, vee van stoepe voor klasse , was van vloere en vensters)
- Meld lekkasies aan by Voorman
- Onderhoud van geboue en terrein
- Veiligheid en Sekuriteit
- Ondersteuningsdienste aan personeel en leerders
- Assisteer met die voorbereiding van lokale vir enige skoolfunksie

Vereistes


- Betroubaar met **sober gewoontes.**
- Goeie gesondheid
- Basiese skryf en leesvaardigheid
- Geen kriminele rekord (SAPD Klaring sal gedoen word)
- Bestuurslisensie met PDP

Rig u aansoek met die volgende

- Aansoekbrief
- Voltooide Z83 vorm
- CV met ten minste 2 kontakbare verwysings van vorige werkgewers
- Gesertifiseerde ID afskrif
- 2 Getuigskrifte waarvan 1 nie ouer as 'n jaar moet wees

Lewer per handpos af by die skool of per epos by bwesprim@gmail.com
Onderhoude sal slegs met gekortlyste kandidate gevoer word.
Sluitingsdatum: **10 Junie 2022**

**Voorkeur sal aan ouers uit die skool se bedieningsgebied gegee word.**




## Hierdie week se slagpryse

Karoo Lam se aankooppryse per kg karkasgewig aan die boer vir Dorper (Merino varieer na gelang van die wollengte van die vel):

***Week: 23-27 Mei***

| | | |
|---|---|---|
| Lam: | A2, 3 | R98.00 |
| | A4 | R85.00 |
| Jong skaap: | AB2, 3 | R77.00 |
| | AB4 | R66.00 |
| Skaap: | B2, 3 | R72.00 |
| | B4 | R59.00 |
| Ou skaap: | C2, 3 | R70.00 |
| | C4 | R57.00 |

Bogenoemde pryse is BTW uitgesluit. Die vyfde kwart (vel en afval) is ingesluit by die prys.